Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## WES-KAAPSE WET OP GEMEENSKAPSVEILIGHEID, 2013 (WET 3 VAN 2013) OPROEP OM BENOEMINGS: WES-KAAPSE PROVINSIALE VEILIGHEIDSADVIESKOMITEE

Ek, Albert Theo Fritz, Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap, nooi ingevolge artikel 26(3) van die Wes-Kaapse Wet op Gemeenskapsveiligheid, 2013 (Wet 3 van 2013) ("die Wet"), alle belanghebbende partye uit om die name voor te lê van persone wat na hul mening geskik en gepas is om aangestel te word as lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee ("die Komitee"), ten einde twee vakatures in die Komitee te vul.

1. Die funksies van die Komitee is om aan die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap op sy of haar versoek voorstelle te doen en hom of haar te adviseer rakende—
   *a)* die funksies van die Provinsie Wes-Kaap ingevolge Hoofstuk 11 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet"), en Hoofstuk 8 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998) ("die Wes-Kaapse Grondwet, 1997");
   *b)* strategieë, beleid, begrotings en jaarlikse prestasieplanne ten opsigte van die funksies ingevolge Hoofstuk 11 van die Grondwet en Hoofstuk 8 van die Wes-Kaapse Grondwet, 1997;
   *c)* regulasies ingevolge die Wet soos benodig; of
   *d)* enige ander aangeleentheid wat uit die toepassing van die Wet voortspruit.

2. Die Komitee moet bestaan uit—
   *a)* 'n verteenwoordiger van die sakegemeenskap;
   *b)* 'n lid van die regbank, die Kaapse Balie of 'n prokureur onderhewig aan die jurisdiksie van die Wes-Kaapse Provinsiale Raad;
   *c)* 'n senior lid van 'n akademiese instelling met ervaring op die gebied van kriminologie;
   *d)* 'n verteenwoordiger van 'n nieregeringsorganisasie wat by polisiëring of verwante gebiede betrokke is; en
   *e)* die Departementshoof: Gemeenskapsveiligheid (ex officio-lid).

3. Benoemings word verlang vir die aanstelling van lede van die volgende kategorieë:
   *a)* 'n lid van die regbank, die Kaapse Balie of 'n prokureur onderhewig aan die jurisdiksie van die Wes-Kaapse Provinsiale Raad; en
   *b)* 'n verteenwoordiger van 'n nieregeringsorganisasie wat by polisiëring of verwante gebiede betrokke is.

4. Die suksesvolle kandidate sal vir 'n termyn van drie jaar aangestel word, wat eenmalig hernu kan word.
5. Vergoeding word ooreenkomstig die "2019 Remuneration Levels: Service Benefit Packages for Office Bearers of Certain Statutory and Other Institutions", uitgereik deur die Hoofdirekteur: Eenheid vir Bestuurstoesig oor Openbare Instellings (Nasionale Tesourie) met ingang van 1 April 2019, welke tariewe van tyd tot tyd hersien word:
   *a)* R2 619,00 vergaderingsfooi per dag;
   *b)* R327,00 vergaderingsfooi per uur; en
   *c)* reistoelae gebaseer op die nasionale tariewe van die Departement van Vervoer.

6. Alle benoemings moet skriftelik ingedien word in die vorm van 'n ondertekende brief wat die volgende vermeld:
   *a)* die kontakbesonderhede van die benoemer en sy of haar belang by polisiëring of gemeenskapsveiligheid;
   *b)* die naam, van en kontakbesonderhede van die kandidaat en 'n motivering vir die benoeming van die kandidaat.

7. Alle benoemings moet vergesel wees van die bogenoemde ondertekende brief, 'n gedetailleerde curriculum vitae van die kandidaat, tesame met gesertifiseerde afskrifte van sy of haar kwalifikasies, die identiteitsdokument of paspoort van die kandidaat en 'n brief onderteken deur die kandidaat waarin hy of sy die benoeming aanvaar.

8. Alle benoemings moet voor of op **5 April 2021** ingedien word deur—
   *a)* dit te pos aan:
   Departementshoof: Gemeenskapsveiligheid
   (Gemerk: Benoemings vir die Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee)
   Posbus 5346, Kaapstad 8000
   (Vir aandag: Me. A Dissel);
   *b)* dit af te lewer by:
   Departement van Gemeenskapsveiligheid
   Vir aandag: Me. A Dissel
   2de Vloer, Waalstraat 35, Kaapstad; of
   *c)* dit per e-pos te stuur na:
   amanda.dissel@westerncape.gov.za
   (Merk die onderwerp van die e-pos duidelik as: Benoemings vir die Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee.)

9. Navrae kan gerig word aan Amanda Dissel, tel. 021 483 6548. Vir toegang na kennisgewings besoek webblad https://www.westerncape.gov.za/dept/community-safety
10. Alle nominasies sal streng vertroulik hanteer word.

Geteken te Kaapstad op hierdie 25ste dag van Februarie 2021.

**AT FRITZ**
**PROVINSIALE MINISTER VAN GEMEENSKAPSVEILIGHEID**